Saterdag **22 Junie**
**Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7**
**Fokusgedeelte: Galasiërs 4:6 (AFR2020)**
**Die Gees roep in en deur ons: "Abba, Vader!"**

God het sy Gees uitgestuur tot in ons harte en Hy roep: "Abba, Vader!" Die woord "Abba" dui op 'n intiem persoonlike band met die Vader. Dit is soos wanneer 'n kind sê "Pappa" of in Engels "Daddy".

Hoekom het God sy Gees uitgestuur tot in ons harte sodat Hy in ons en deur ons roep "Abba, Vader"? Die antwoord is: Omdat ons God se kinders is. Die Gees se roep "Abba, Vader" is die bevestiging van 'n wonderlike vertroosting wat ons het, naamlik dat God ons Vader is en dat ons sy kinders is en dat daar 'n intiem persoonlike verhouding tussen Hom en ons is. Dit is die Heilige Gees se stem van vertroosting in ons harte.

Dit is 'n wonderlike reg en 'n voorreg wat God aan ons gegee het om sy kinders te wees. God het ons voor die grondlegging van die wêreld uitgekies en ons voorbestem om ons deur Jesus Christus as sy kinders aan te neem (Ef. 1:4-5). God het sy Seun uitgestuur sodat Hy ons kon loskoop daarvoor (Gal. 4:4-5). Dít was 'n baie duur prys wat Hy vir ons betaal het, naamlik sy dood aan die kruis. Só het ons volwaardige kinders van God geword, met al die regte en voorregte daaraan verbonde, wat in besonder behels dat ons erfgename geword het (Gal. 4:7). Ons erf alles wat aan God behoort. Wat 'n ryke erfenis!

Ons het hierdie wonderlike reg en voorreg deur die geloof alleen ontvang. Nie geloof plus nog iets soos die besnydenis of die wet van Moses nie, maar geloof alleen – dít is waaroor dit in die boek Galasiërs gaan. Ons ontvang die aanneming tot kinders van God deur die geloof alleen. Dít is die Gees se getuienis deur die Woord aan ons.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3*

*Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)*